Sing vooraf: Psalm 143:1 (p. 688)

1 O HEER, ek roep, hoor my gebede. / Daar is in my geen stilte of vrede!
Ek smeek tot U, o hoor my nou! / Ek pleit op u geregtighede, / en ek verlaat my op u trou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 147:1, 5 (p. 704)

1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.

5 Laat nou jou stem, o Salem, rys! / O Sion, wil die Here prys!
Hy dek jou dig vir slag en stoot, / versterk jou poorte teen die dood.
Hy seen jou kinders met jou mee / as Hy jou land die vrede gee.
Hy laat jou akkers wuiwend staan / en voed jou met die beste graan.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 81:1, 4 (p. 411).

Wet

Psalm 81:1, 4 (p. 411)

1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.

4 Want dis die bevel / wat alom weerklink het / onder Israel;
dis die groot gebod / van 'n troue God / wat aan ons gedink het;

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 4:4 (p. 15)

4 U het my hart meer vreug gegewe / as ander smaak in volop-tyd,
as hul deur skyngeluk verhewe, / by mos en koring lustig lewe
en fees hou in kortstondigheid. / Ek sal gerus gaan slaap in vrede / en ongestoord lê ek my neer;
want U alleen verhoor my bede, / U waak oor my in teënhede, / dat ek kan veilig woon, o HEER!

Skriflesing: Openbaring 6

Teks: Openbaring 6:3, 4

En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk! En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee. (Openbaring 6:3, 4 AFR1953)

Wat sou mens verwag na die oorwinning van die Here Jesus? Miskien glorie? Nee! Die tweede seël

word oopgemaak en die tweede lewende wese is aan die woord.

- Hy gee dieselfde bevel as die eerste lewende wese toe die eerste seël los/oopgemaak is: **Kom!** (Gaan!)
- Weer ’n keer kom daar ’n perd op. Die keer ’n rooi perd. Let wel: ’n *Vuurrooi* perd!
- Dit is die eerste agterryer van die oorwinningsruiter en sy perd.

Kom ons kyk saam na die volgende sake van belang:

1. Die tweede perd is ’n oorlogsperd.
2. Die profesieë vervul.

1. Die tweede perd is ’n oorlogsperd.

Waarom is die tweede perd ’n oorlogsperd? Is dit nie so dat daar na die oorwinning juis vrede en stabiliteit moet intree nie?

- Die antwoord is dat daar na die oorwinning van Jesus ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde kom. Dáár is rus en vrede en glorie.
- *Maar hierdie tweede perd hardloop nie oor die vlaktes van die nuwe aarde nie. Hierdie perd hardloop deur die geskiedenis van die aarde.*

Hierdie oorlogsperd en sy ruiter maak die toestand vir die koms van die Here op die wolke gereed.

- Hy maak dit duidelik dat daar op hierdie aarde geen volmaakte vrede en rus is nie.
- Die oorwinning van Jesus Christus het die Satan op die aarde neergewerp en hier gaan hy tekere soos ’n brullende leeu en verwoes alles wat in sy pad kom.
- Die Satan gaan vir laas probeer verwoes wat hy kan, en daarom is daar soveel geweld.
- Sy geweld is ook nie net gerig teen die kerk alleen nie – in sy angs veg hy homself ook stukkend. Almal het onvrede met mekaar, vergelyk maar Matteus 10:36vv waar staan dat tot jou huisgenote jou vyande sal wees.

Hierdie rooi ruiter gaan om *dood te maak en om alle vrede te versteur.*

- Die perd en sy ruiter is *bestem vir oorlog en bloedvergieting.*
- Hy moet *alle vrede op die aarde wegneem.*
- Hierdie ruiter dra ’n swaard. *Daar moet geweld losbreek.* Mense moet mekaar doodmaak.
- Die Here gee dus nie op hierdie aarde vrede na Jesus Christus se oorwinning oor die dood nie.

Rooi is die teken van bloed!

- Die vuurrooi teken letterlik die vuur en angs wat uit hierdie geweldige bloedstorting gaan kom!
- Die mense gaan mekaar verskriklik wreed en bloeddorstig slag!

Die rooi kleur is die simbool van oorlog en haat.

- Dit word duidelik in die opdrag wat aan die ruiter van hierdie perd gegee word.
    - Hy kry die opdrag om alle vrede te vernietig!
    - Hy kry ’n swaard – ’n doodmaakwapen!
        - Die swaard wat hy kry, is ook nie sommer net enige swaard nie – dis ’n ***groot*** swaard!
        - Sy swaard gaan geweldig wees en baie baie skade aanrig!

Let op hoe wyd is die opdrag:

. . . is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem . . .

- Hy moet onvrede oor die hele aarde bewerk – nie net hier of daar nie!

- Die onvrede is nie net sommer familierusietjies dat mense vir mekaar dik word en ’n ruk lank nie met mekaar praat nie!
    - Hulle gaan mekaar uitmoor!

      . . . en dat hulle mekaar sou doodmaak!

Die Here praat hier van geweldige oorloë wat baie mense oor die hele aarde gaan doodmaak.

- Die gesig verwys nie noodwendig net na een enkele oorlog nie – dit verwys na oorlog in sy geheel.
- Dit vat al die oorloë deur die eeue saam – maar dan veral met die toenemende intensiteit wat dit het hoe nader die einde kom.
- Uiteindelik sien hierdie oorlog ongetwyfeld op die funksie wat oorlog aan die einde van die tyd gaan hê as die duiwel en sy magte dit gaan gebruik om daarmee die loop van die evangelie te probeer stuit!

Hierdie gesig teken iets van die kerkgeskiedenis, veral soos wat ons dit in die Bybel self geopenbaar vind. In die Ou Testament was die kerkvolk altyd in onderlinge twis.

- Daar was altyd verdeeldheid en dwarstrekkery, wat dikwels op oorlog en dood van baie mense uitgeloop het. Dink maar net aan die geskiedenis in die tyd van Dawid, en die opstand van Absalom.
- Vroeër het ons die voorbeeld van Korag, Datan en Abiram, met die opstande en dood wat daarmee gepaard gegaan het.
- Dink aan die spanning wat in die tyd van die apostel Paulus deur die apostel Petrus veroorsaak is in die kerke van Galasië.
- Die kerk van die Here het dus nog altyd vanweë die sonde van sy lede die element van haat met hom saamgedra.

Die saak is darem dat die oorlog en die uitmoordery onder mekaar hier by die rooi perd nie net betrekking het op wat in die kerk gebeur nie, want die hele wêreld en elke mens daarop is hier betrokke.

Al die oorloë en bloedvergieting is voorlopers wat saam opbou na die groot geveg van die einde – die slag van Armagéddon.

- Daarom kan ons die hoefslae van hierdie woeste perd vandag oor ons aarde hoor.
- Daar is bitter min plekke waar daar nie terroriste is wat oraloor bomme stel en mense doodmaak nie.
    - Daar is reg oor die wêreld pogings om staatsgrepe uit te voer.
    - Burgeroorlog is in ons huidige wêreldgeskiedenis glad nie iets seldsaams nie.

Mens moet by hierdie perd en sy verskyning onthou dat die apostel Petrus skryf dat die Satan nou op die aarde neergegooi is en soos ’n brullende leeu rondgaan om alles te verskeur wat in sy pad kom.

2. Die profesieë vervul

Daarom sê Jesus self dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie, maar verdeeldheid – vyandskap.

- Die onvrede en die oorlog wat deur die rooi perd en sy ruiter aangestig word, is dus die gevolg van die oorwinning van Jesus Christus.
- Hiervan weet ons ook al eerder, want terwyl die Here Jesus op die aarde was, het Hy al gesê dis waarvoor Hy gekom het!

  Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. (Matteus 10:34 AFR1953)

  Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee? Nee, sê Ek vir julle, maar

eerder verdeeldheid. (Lukas 12:51 AFR1953)

Maar die een broer sal die ander tot die dood oorlewer en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak.
(Matteus 10:21 AFR1953)

En wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie skrik nie; want dié dinge moet eers plaasvind, maar dit is nie dadelik die einde nie.
(Lukas 21:9 AFR1953)

Hierdie openbaring wat Johannes sien, bevestig dus die profesieë wat hy met sy eie ore by die Here Jesus gehoor het. Hy sien die vervulling daarvan!

- Wat vir Johannes in die openbaring duidelik word, is *dat God oor hierdie dinge beskik*!
- Daar staan twee keer geskryf: **is dit gegee**
    - Dit beteken duidelik dat God dit so in sy ewige en onveranderlike raad besluit het en nou word dit so in die gang van die geskiedenis vervul!
- Wanneer die Lam die tweede seël oopmaak, beskik Hy dat die vrede weggeneem word.
    - Hy skep geleentheid dat oorloë uitbreek.
    - Vergelyk hiervoor die volgende:

      Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie. (Deuteronomium 32:39 AFR1953)

      . . . wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen.
      (Jesaja 45:7 AFR1953)

Dis waarom ons in die Heidelbergse Kategismus leer dat geen skepsel (dus ook die duiwel!) hom kan roer of beweeg as die Here dit nie bewillig nie!

Vraag 28 vra die vraag: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Daarop antwoord ons dan: Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), ***aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie*** *(e).*
(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4.
(d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:2.

Wat maak ons hiervan in ons tyd?

Al die onvrede wat ons so oraloor sien, is die teken van die onvermoë van die duiwel.

- Hy kan niks konstruktiefs doen nie.
- Sy opdragte om die eer van God te laat skitter, lê dus ook anders: Hy maak oorlog en onvrede – die dinge wat eie is aan homself.
- Dit teken die vrede van God soveel helderder!

Maar al die dinge is ook die teken van die nabyheid van die wederkoms van die Here Jesus.

- Die dinge wat alles gebeur, kan nie anders nie – God het dit presies so beskik.
- Ons moet ook besef dat ons al die geweld wat gebeur nodig het om die koninkryk van God te kan verstaan en waardeer – geweld skep die kontras met vrede.
- In die Here Jesus het ons vrede van verlossing – maar veral die hoop op ewige vrede.
- Waar ons Here is, is ewig vrede – daarom sal ons ook die teken daarvan dra: wit klere tot in

ewigheid.

Die oorloë en slegte dinge wat daarmee saamgaan, is juis die duiwel se frustrasie omdat hy nie die Here Jesus se oorwinning kon of kan keer nie. Nou wreek hy hom op alles – en daarmee openbaar hy eintlik maar net presies wie hy is!

Onthou wat die Here Jesus gesê het toe Hy nog by ons op die aarde was:

> **Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.** (Johannes 14:27 AFR1953)
>
> **Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.** (Johannes 16:33 AFR1953)

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 3-1:3 (51:3)

3 Hy's Wonderbaar, 'n Eew'ge Vader; / Hy's Raadsman; Hy is Sterke God;
en Hy vermeerder in genade / sy heerskappy as Vredevors.
Hy kom met vrede sonder einde, / versterk dit deur geregtigheid –
met ywer sal Hy dit bevestig / van nou af tot in ewigheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 19 April 2009 – Oggenddiens